

## AFDELING I.

---

### HANDELENDE OOR DIE EERSTE SKRIJWERS VAN AFRIKAANS.

*Soos reeds gepubliseer in "Die Brandwag" van Junie, Julie, Augustus en September, 1917. Waar ons dit nodig geag het, werd korte inlassings ingevleg om die sin duideliker te maak. Verder is dit onveranderd geblij. Die opinie omtrent hierdie uiteensetting van ons deur lede van die Genootskap uitgespreek, kom voor in Afdeling III.*

## HOOFSTUK I.

### DIE AANLEIDING TOT OPTREDING.

Van tijd tot tijd verskijn in die openbare pers artikels, waarin die Afrikaanse letterkunde bespreek word. Natuurlik word die Eerste Skrywers van Afrikaans altyd daarin aangehaal, en hulle voortbrengsels kom dan onder die vergrootglas en ontleedmes, sonder dat egter voldoende voor oë gestel word die toestande wat in daardie tijd geheers het en met watter elemente die Eerste Skrywers te doen had. Ook skijn die beoordelaars met baie ander ingrijpende feite onbekend te wees. Als hulle aan hierdie belangrike deel van ons taalgeskiedenis meer aandag skenk, sou die Eerste Skrywers daar genadiger afkom.

Graag het ons gesien dat 'n bevoegde lid van die ou Genootskap van Regte Afrikaners sijn kop oor die onderdeur van ons hartbeeshuis gestee het om te antwoord op die herhaalde aanklop. Maar aangesien niemand anders dit tot nog toe gedoen het om sijn grijs hoof daaraan te waag nie, so sal ons maar opstaan, die gordijn effentjies wegstoot en dan 'n stem oor die onderdeur laat hoor om iets omtrent die verledene mee te deel—'n verledene wat hom gelukkig nog met die onmiddellike teenwoordige in betrekking kan stel.

Broeders en Susters! Blijhartig werp ons vir ons op die vleuels van die gedagte om terug gedra te worde tot daardie dae, toe die sonskijn van ons goeie nasionale taalsaak sijn vergulde rand nog net so effentjies bokant die donkere berge van onbewustheid en sluimer uitgestee het. Dit was dae van moedhou en aanhou, toe die voorstanders van Afrikaans sig nog gering gevoel het en sig moes klee met 'n koue harnas van geheimhouding oor hulle brandende gevele om die saak te bevorder wat tot behoud en steun van ons Afrikaanse geslag moes dien. Dit was die skone ideale en toewijding. Die ou Genootskap moes die Afrikaanse boom, wat daar sijn takke vrij in ons heldere lug uitbrei neerfel,

bas afslaan, in planke en dele saag, om later daaruit te kan opbou en te meubileer ons Afrikaanse huis en dit geskik te maak om in te woon.

Onder watter toestande en omstandighede moes hul die werk verrig?

Onder hoon en spot van geleerdes van daardie dae en van ons eie volk, en bekostig uit eie private beurs, toe besigheid so slap soos pannekoekdeeg en handel so plat soos die pannekoek self was—dit was immers vóór diamant in Suidafrika ontdek was; dit was toe die boer met graansak agter rug, vee aan die horing, van die een deur naar die ander moes loop en tevergeefs aan die kurke daarvan moes draai om 'n koper vir weggee-prijs te vind; dit was toe die vergulde beeld, die Engelse taal, opgerig gestaan het om vereer te word, want snarespel en trompet geskal het al lang die teken gegee om neer te val, te kniel en te aanbid.

Als die leser ons sijn geduld goed-gunstiglik wil skenk, dan sal ons enigssins in besonderhede verval om die toestande van daardie tyd in verband met die Eerste Skrywers duidelik toe te lig. Ons beloof hiermee nie juis om so'n stortvloed van informasie te laat losbreek waarin die ondersoekers sal verdrink nie. Maar tog, ons sal ligstrale en vonke in die deinsige agtergrond laat spat, wat die omtrekke van voorwerpe en feite, in verband hiermee, skerper sal belig.

Reeds het die woorde, dat besigheid in benarde toestand verkeer het, ons ontglip. Hoe gemaklik laat sijn die sielkundige uitwerking daarvan op die mens nie verklaar nie. Ons het reeds hierdie punt in 'n werkie "Huis en Veld" (tans nog onder beoordeling van die uitgewer) in brede trekke bespreek, daarom wens ons omtrent die geldelike toestand van daardie tyd niks meer bij te voeg nie, als wat ons reeds bowe aangehaal het.

Maar ons wens meer die oog te vestig op die Engelse Beeld wat aanbid moes word. Hierdie toestand het Ds. Jan Lion Cachet—en van die Eerste Skrywers—met die volgende woorde besing:

Engels is alles; kijk hot of kijk haar!

Engels is alles; ek word sommer naar!

Afrikaners het hul plase op Engels bewerk,  
Afrikaners gaan al naar die Engelse kerk,  
Afrikaners wil hul nes Engelse hou,  
Afrikaners hul huise op Engels gebou.

\*

Afrikaanse families in Engels gesprek,  
Afrikaanse predikante, wat Engels inbring.

\*

Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jij siet en hoor;  
In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal versmoor.  
Ag, hoe word ons volk verbaster, daartoe werk ons leraars  
saam.

\*

Hollands nog in sekere skole, is bedrog, 'n blote naam!  
Wie nie sig laat anglisere, word geskolde en gesmaad.  
Tot in Vrijstaat en Transvaal al, overal dieselfde kwaad!  
“Dis vooruitgang!” roep die skreeuwers. “Dis beskawing  
wat nou kom!”

\*

Wie daarteen durf getuige is 'n Patriots-rebel,  
Word verag, gevloek, gelaster en beswadder van die hel.  
“Leer maar Engels, dit maak salig!” skree hul uit met groot  
geraas.  
“Hollands sal van self wel kome, Afrikaans is Hotnotstaal!”

\*

En ons voeg hier bij: Engels in die geregshoue en Engels op  
Goevernementskantore. En dan draai ons 'n sterker soeklig op  
al hierdie gesigspunte in ons gesigsveld om te getuig, nie wat ons  
uit ander bronne ontleen het nie, maar waar ons oog- en oor-  
getuige van was.

In die geregshoue: wie nie kon Engels praat nie—Boer, hot-  
not of kaffer—moet 'n tolk hê. Hoe moes die Afrikaner, wat  
daar als getuie, onder bedreiging van boete, gedagvaar is, gevoel

het dat hij in sij eie land nie 'n getuienis in sij eie taal mag aflê nie!

Die ambtenaar, wat op die goewernementskantore gesit het en wat merendeels deur Afrikaner belastinggeld betaal werd, sê reguit "Speak English," al kon hij net so goed Afrikaans praat als die persoon wat geld kom betaal of informasie vra!

Op skool het dit nie anders gegaan nie. Ons is opgelei op 'n skool wat nie goewernementsondersteuning wou hê nie omdat meer tijd op daardie skool vir Hollands en Godsdienst verlang werd. Tog, sodra ons ons voete op die skoolgrond geplaas het, dan geen enkel woord Afrikaans meer nie. Oortree ons die gebod, dan krij ons 'n deursleutel wat ons aan 'n ander mag gee sodra ons hoor dat hij Afrikaans praat. Om twee uur, als die skool in die namiddag aangaan, dan word geroep:—"Keys!" Voorwaarts stap vier jongetjies, wat die besitters van die vier sleutels in omgang is. Het een, of meer van hulle, vier merke agter sij naam, dan kom die afrekening. Dan buig hij hom vooroor in 'n winkelhaak en dan val daar vier onbarmhartige houes met die rotting, wat saliger is om te gee als om te ontvang. Dit gee oomblikke-like pijn en naslepende smart, want op die rooi geswelde vier strepe—moet gesit worde. Ons, kinders, mompel dan in ons hart: "waarom het ik slae gekrij?"

En 'n vertroostende stem antwoord aan die ore van ons eergevoel: "Omdat jij jouw moedertaal durf praat het!"

Ons godsdienst op skool het bestaan bij die opening in die lees van 'n deel uit die Bijbel en 'n gebed en Donderdags een uur godsdienstonderwijs.

Ons skoolwerk was: die oue of dooie tale—Hebreeus, Grieks en Latijn—deur middel van Hollands. Rekenkunde, stekunde, meetkunde, driehoeksmeting deur middel van Engels. Wetenskapne soos skeikunde, elektrisiteit, werktuigkunde deur middel van Engels. Verder werd die tijd in beslag geneem deur Engelse Geography, History, Grammar, ens. Ook Latijn en Grieks vir matrikulasie werd deur middel van Engels onderrig. Ons had één uur Hollands onderwiis per dag bestaande uit Hollandse taalkunde en Nederlandse geskiedenis (de Liefde). Dus het ons op

skool geen woord Afrikaanse geskiedenis of aardrykskunde geleer nie. Ons sou miskien nooit van Jan Antonie van Riebeeck gehoor het nie, als ons nie Riebeeckasteelsberg van die dorp kon sien nie.

Nou word gevra: Waarom die sisteem dan nie beter gemaak nie, daar dit 'n vrije skool was?—Antwoord: Dan het die ouers gekom en gesê: “Pure bog! Leer die kinders Engels. Hollands kom van self. Ons kan ons self nie help nie, ons is eenmaal Engelse onderdane en moet die taal leer. Met Hollands kan jij tog niks uitrig nie als net om naar godsdiens in huis en kerk te luister—daarvoor het jij tog nie nodig om jare Hollands te leer nie—dit leer jij thuis en in die katekisasie.”

Het dit hierbij gebly, dan was dit al pijnlijk genoeg. Maar als 'n skolier van vork, sopvleis, skottel, botter toevallig praat dan krijg hij dadelik te hoor, dat dit vork, soepvlees, schotel en boter moet wees. Dit op sigself is reg, want dit is 'n Hollandse klas. Maar dan, die jeugdige verstand, gemoed of gevoel word gekwes deur met die Afrikaanse woord te spot en die gek te drijwe. Aan die kind word vertel, dat ons 'n hot-nots-taal praat. En al wat meester sê word deur die kind geglo, aangeneem en weer als Evangelie verkondig.

Is dit dan 'n wonder, dat toe die taalbeweging begin het, dit so'n teenstand ondervind het? Kom iemand, met geld in die hand of produkte op die wa, bij 'n koopman om te koop of te verkoop, dan, als hij Afrikaans praat, word hom eenvoudig meegedeel:—“Speak English; I don't understand you.” Dus hier kon iemand se eie geld hom nie red nie!

Die meeste van die lesers het seker al die fabel gehoor van die vampier-vlermuis, wat iemand in slaap sus en dan sij bloed uitsuig. Die Engelse taal het hier die rol van die vampier vervul en het getrag om die Afrikaner-slaper die bloed—sij taal—uit te suig. Die Genootskap van Regte Afrikaners het getrag om die slapende prooi van die vampier wakker te skud en om die slaper se lewe te red. Die lede het hulle bes gedoen, die geruste slaper het verswak en was swaar om tot bewussijn terug te bring. Toe hij wakker word, begin hij die skat van sij skeldwoorde naar die

hoof van die opwekker te slinger. Op hierdie punt kom ons in die volgende artikel terug.

Dus die vampier had almaal nog nie met sij fluwele vlerke in slaap gesus nie, en diegene wat dit aanskouw het, het nie die moed gehad om die dier aan te val en te verdrijf nie, als behalwe die fondamentleggers van die Genootskap van Regte Afrikaners, en hulle moes onder die wapenrusting van geheimhouding van hulle persoon hulle skuil hou.

Omtrent hierdie tyd werd die Kaap Kolonie van 'n kroon- tot 'n selfbesturende kolonie verhef. Die reg van selfregering en die diskussies daaromtrent het ongetwyfeld ook moed in die ore van die baanbrekers gefluister.

Deur bowestaande feite leg die weg vir ons ope om te besef, dat dinge so hoog geloop het als komme kan, en dat die tydperk aanbreek het om handelend op te tree. Want was dit nie terhand geneem nie, dan sou alle kansse verlore gegaan het, so seker als die son agter die berge verdwyn. Want kijk watter aanslae werd met geweld op die bestaan van 'n Afrikaanse Nasie nie gemaak nie! Maar God weet Sij tyd en Hij beskik persone daarvoor om Sij voornemens tot heil van 'n volk uit te voer. Die Genootskap was net in tijds.

Alvorens ons vaarwel bied aan hierdie gedeelte, wens ons in korte woorde die aandag te bepaal tot die toestand in ons Kerk. Sommige predikante van die Hollandse kerke het die Engelse taal als huistaal aangeneem. Sondagsaands werd in baie kerke puur Engels gepreek en Engelse gesangboeke werd vir daardie dienste gebruik, waardeur baie, ja baie van ons mense vir ons statige koraal-kerkmusiek minagting gekrij het, omdat die "English hymns" soveel mooier in hulle ore klink. In die Sondagskole het ons Bateman's Engelse liedere gesing. En toe Sankey en Mudie Suidafrika eenmaal 'n besoek gebreng het, toe was die begeerte naar Engelse liedere onbeteugeld. Net waar iemand saands kom, hoor hij hier en daar die Engelse liedere van Sankey en Mudie sing.

Die Engelse opvoeding op die meisie-skole was nog ingrijpender. Want jonge meisies laat hulle als skoolkinders gemaklik

beïnvloed. In geselskap wou hulle hul net alleen van Engels be-  
dien, sodat jonkmans, wat die taal nie magtig was nie, lelik oor  
hulle neuse gekijk het als die jong nôiens Engels losdraai.

Wat moes van die Afrikaanse huiselike lewe geword het, als  
'n omkering nie plaas gegryp het nie? Want

So seker sal die vrou die huis regeer—

Daarteen sal niemand skop nie;

En als sij regtig meen om jou te dril,

Dan kan jij haar nie stop nie!

---

## HOOFSTUK II.

### DIE INVLOED VAN DIE TOESTANDE.

Die doel van hierdie skrywe is om kort en duidelik uit een te  
set met watter elemente die Eerste Skrywers uit die staanspoor te  
doen gekrij het. Dit het invloed op hulle voortbrenghsels uitge-  
oefen; want hulle moes hul skik naar wat die lesers verlang het  
en nie juis wat die skrywers sou gewens het nie. Hiermee word  
dus 'n maatstaf in die hande van die beoordelaars geplaas, wat  
wel in toepassing mag geneem worde, als die eerste voortbrenghsels  
beoordeel word. Dit was lesse vir Laer onderwys.

Ons sou wel 'n klein boekdeeltjie kan vul als ons die werk in  
sij geheel, met die daarby komende omstandighede, die hulp en  
teenstand wil beskrywe, dog ons sal slegs die spore aanwys, wat  
lei tot die verkrijgbare bronne van informasie. En waar dit op-  
heldering en verduideliking vereis, sal ons trag dit te verskaf met  
die beskikbare kennis, waarop ons beslag mag lê.

Dit vul ons hart egter met blijdschap om met vergenoegdheid 'n  
terugblik te mag werp naar daardie dae, toe "volmoed bid en  
werk" ons vaandel, en die "penstif" ons swaard was om die  
taalstrijd mee te begin. Ook herinner ons daaraan dat daar gin

oorwinning sonder teenslae bestaan nie. Dog als ons tans die oog om ons slaan en bemerk, dat soveel van die ou strijders, wat ons op die slagvelde so dierbaar geword het, ons ontvalle is, dat die wat nog leef reeds die kroon van grijsheid dra om tot hulle leedwese te bemerk dat hul van hulle beste kragte beroof is, dan skijn die pen onwillig te worde om ons naar daardie heugelike dae terug te voer. Maar dit word ons persoonlik nog vergun om in die geleedere van die nuwe taalstrijers te staan, so sal ons maar deurveg totdat die wapens ons deur onmag uit die vuus val.

Reeds het ons gelet in die vorige hoofstuk op die heersende toestande, wat bestaan het kort voor die beweging. Nou sal ons korteliks ag slaan op die invloed, wat die toestande op die volksgees uitgeoefen het. Dit op sigself was 'n vingerwijsing in watter rigting gewerk moes word. Als ons die laaste punt, na behandeling, verbij stap, dan sal ons vertel, hoe die Taalbeweging eintlik begin het; dan, hoe dit begroet werd en daarna sal ons die Eerste Skrywers op die voet volg, wat hulle strewe en doel was en wel deur die tijdperke van die "Patriot," "Ons Klijntji," en "Ons Taal."

In die twee ou Republieke, die Vrijstaat en die Z. A. Republiek, werd Hollands tot offisiële taal verklaar. Dit het egter in praktijk 'n ander toepassing gehad: Hollands was die offisiële skryftaal van die twee goewernemente, dog Afrikaans—sonder daar ag op te slaan—als spreektaal gebruik. Dit egter was nie meer die geval in die twee Britse kolonies, Kaap en Natal nie. Daarvoor het Lord Charles Somerset al reeds in 1827 gesorg—*hij het Hollands uit die publieke kantore, howe en skole verban.* Hierdie verbod het altans in belang van die Engelse taal goed gewerk; want van toe af werd Hollands op goewernementsskole nie meer geleer nie, waardeur die jongere geslag onge oefen in die Hollandse taal, geskiedenis en gewoontes gebly het. Hulle kon toe hulle nie meer in geskrif of gesprekke in Hollands uitdruk nie; die gevolg was, dat hul briefwisseling in Engels hou en dat hul net Engelse boeke lees. Omdat hul op skool net geleer werd om hulle goed in Engels uit te druk, werd die Engelse taal ook in gesprekke ingevoer. Nie met eens nie;

maar wel deur die slegte gewoonte om gedurig in die gesprek Engelse woorde en sinne in te las. Waarom? Omdat hul met die Hollandse bewoording en uitdrukking onbekend was. Enkele in die geselskap het met die Engelse uitdrukkings sit en pronk om te wijs hoe geleerd hul daar uitsien, sonder om te denk dat dit juis ongeleerd is als iemand hom nie in sij eie taal kan uitdruk nie. Die manier om die taal te mors het erger geworde, totdat in Afrikaanse gesinne niks als Engels gepraat werd nie, en wel "o m 'n goeie Engelse uitspraak te krij." Die deurmekaar en Engels praat het mode geword; wat mode is, is natuurlik mooi, en hulle was met hulle self tevrede—nee meer: hulle was met hulle self opgenome. Dit kon nie anders nie! Want op skool werd hul niks anders als Engels geleer nie. Sonder ophou werd hul steeds vertel, dat Engeland die sterkste land van die wêreld is; dat hij nooit 'n oorlog anders als deur verraad verloor het nie; dat Engels oor die hele wêreld gepraat word, terwijl iemand met Hollands buite Holland niks kan doen nie; want selfs in die Hollandse kolonies word nie eens suiwer Hollands gepraat nie. Dus als iemand nie Engels ken nie, dan behoort hij tot die ongeleerde klasse. Dan werd daarop gewijs, dat die kleurlinge in Suidafrika so gretig is om Engels te leer, en waarnaar sou dit lijk als die blanke onbeskaaf moet blij en vir die gekleurdes moet agteruit staan. Die beskaafdheid is Engels praat en Engels lag.

Die skoliere het dit geglo, *want hul het mos naar skool gegaan om te leer.* Die ou mense sê, dis waar en vra: "Wie kan dit teenspreek?"

So ver was dit al erg genoeg; maar die ergste moet nog volg, namelik, om die Afrikaner sij selfrespek weg te neem. Steeds werd die kind op skool en elders geleer: Die Afrikaners is gin nasie nie; want hulle het gin koning of taal nie; hulle is onvertrouwbaar en lui, wil maar net rook en koffie drink. Als iemand iets goeds van die twee Boer Republieke durf praat, dan ontvang hij 'n waterval van woorde van diegene wat dit opreg meen, of dit regtig nie meen nie. Gouw-gouw word hij verwijs naar die verklaring van Sir Andries Stockenström, waarin hij verklaar het,

dat die Boere 'n spul rowers, veediewe en wettelose mense is. Dadelik werd verwijs naar die rapporte van Dr. Philips en ander sendelinge—want sendelinge kan mos nie lieg of oordrijwe nie—waarin vertel word, hoe roekloos die Voortrekkers te keer gegaan het deur Griekwas en kaffers onverhoord dood te skiet, en hoe hulle die arme kleurlinge se grond goedsmoeds afgeneem het. Die Boer kan nie lewe als hij nie oorlog maak nie.

Verset die liefhebber van sij volk hom, dan word verder vertel, dat dit waar is, dat die Afrikaner homself nie kan regeer nie. Hulle weet dan aan te haal, hoe verdeeld die Boer-laers was; hoe Andries Pretorius moes vrede maak tussen laer en laer; hoe sij seun Martinus Wessels Pretorius vrede in die Vrijstaat moes gaan maak, waardeur hij in Transvaal 'n burgeroorlog veroorsaak het. Hulle vertel ook, dat die Voortrekkers so oneens was, dat hul vier Republieke moes stig:—die van Natal, Vrijstaat, Lijdenburg en Rustenburg. Dat hul so sleg is, dat hul nie eens krediet besit om bij ander nasies geld te kan leen nie.

Dit alles moes iemand aanhoor, en als hij die ware toedrag van sake wou uitleg, dan word hom eenvoudig gesê: “Man, blij hiewers stil. Wat ons sê, kan ons uit Engelse dokumente bewijs, en wat jij wil vertel, het jij van die Boere gehoor en hulle dokumente is vals en verdraaid.”

Wel, die kinders glo dit. Die ou mense hou vol: “Wie kan daarteen strij?” So moes die Afrikaner dageliks hoor, dat hij sleg is, gin taal het nie, en hom nie self kan regeer 1) nie, en gebore is om deur een of ander nasie regeer te word.

Tot die kerk, wat nou so vastrap vir Hollands en Afrikaans, het toe bijna touw opgegooi. Die prediking van die kansels en in die kerkelike tijdskrifte was: o n d e r w e r p! Die Kerk het destijds nie wil insien nie, dat die behoud van Hollands in Suidafrika in Afrikaans lê. Daarom het hulle maar aanhou strijk op die dowwe Hollandse snaar, en begin toe selfs saands in Hol-

---

1) Ons het hierdie selfde dwase praatjie hoor verkoop deur een van ons Afrikaners, wat in geskiedenis gestudeer het. Voorwaar, die onkruid, in die skooldae uitgesaai, vat diep wortel! (Red. Brandwag.)

lands-sprekende dorpe in Engels te preek. Sommige had Engels reeds als huistaal aangeneem.

Als iemand in daardie tyd die sedelike moed had om in 'n geselskap vir Afrikaans te durf uitkom, word hij onmiddelik bestempel als remskoen van die beskawing, of als iemand wat die volk naar barbaarsheid wil terugvoer. Kortom: hij word beskou as 'n gek.

Wat die saak nog gevoeliger gemaak het, was dat dit nie Engelse nie, maar volbloed Afrikaners was wat so hard en heftig vir die Engelse taal en regte gepleit het. Ja, dit was Afrikaners, wat 'n bietjie en, in sommige gevalle, baing geleer het.

Dus die saak sou geheel hopeloos gewees het om Afrikaans en Hollands in hulle regte herstel te krij, was dit nie vir die platteland se bevolking nie, wat buite die kring van Engelse beskawing verwaarloos werd. En net soos die vissers van Galilea het hulle die bolwerk van 'n groot saak geword. Baing van hulle kon dadelik begryp en verstaan, dat ons Afrikaanse Volk van sij regte beroof word. Om die rede moes die Eerste Skrywers hulle tot hierdie klas van lesers wend om die minder-bevoorregtes te hulp te kom. Daardeur het die Taalbeweging vaste voet gekrij. Aan hulle werd gesê: "Skryf soos julle praat en rijm net waaroor julle wil." *Dit het die rigting en toon aan-gegee, waarnaar die volk verlang, watter soort lektuur hulle verkies en hoe die gedagtes in woorde gekleed moet word.* So het die Eerste Skrywers hulle aandag aan die minder-bevoorregtes geskenk en het hulle voorsien van 'n lektuur wat naar die lesers se smaak en manier van uitdrukking gekleed was. Aan die meer-bevoorregtes het die skrywers nie gedenk nie, want wie in die koue buitekant staan, sou van self binnekom. En hulle het binnegekom! En onder hulle is sommige, wat die Eerste Skrywers nou hard toetakel, omdat hulle voortbrengsels van 'n lae gehalte was. Een van die nuwe beoordelaars het aan die hand gegee, dat als die Eerste Skrywers 'n verhewenere taal gebruik het, hulle die geleerde klas misskien sou gevang het. Glo maar, die Eerste Skrywers het hulle hande vol gehad om een muis te vang, sonder om nog te kan sê: "Als ek daardie ene ook het,

dan het ek twee!" Nee, die ander muis was rats en kon goed wegspring. Op hierdie punt kom ons later terug, wanneer ons die doel en strewe van die Eerste Skrywers behandel, en wanneer ons dit later met die rigting van die nuwe beweging vergelyk, naamlik, dat die Eerste Skrywers die geleerde klas van daardie tyd verbij gestap het, terwyl die nuwe rigting se bedoeling skijn te wees om die minder-bevoorregtes te vergeet.

Deur plattelanders destijds toe te laat, om te skrywe soos hulle praat, het dit 'n grote stoot aan die beweging gegee. Sit maar bedaard te luister na die gesprekke op die platteland en na die gesprekke in die dorpe en stede. Vergelyk dan die gesprekke wat suiwerheid van Afrikaanse woorde betref. Die plattelander is minder Hollands en Engels geleerd, dus deurspek hij sijn gesprek nie met vreemde woorde nie. Kan dit van die dorpeling gesê word? Ons sal weer terugkom op die platteland se taal, waarmee die Eerste Skrywers soveel te doen had, en wat hul aangeemoedig het om soveel daarvan te krij als moontlik is.

Dit is mos die platteland in Europa, waar die oorblyfsels van die ou oorspronklike tale van die volke nog te vinde is. In die stede en dorpe word die tale gouwer verander, naamlik waar die beskawing met sneller tred vooruitgaan. Die platteland is meer geheg aan die goeie oue sedes, die taal en gewoontes van die voorgeslagte en bied dus 'n getrouwer beeld van die volksgeaardheid en die nasionale karakter van 'n volk aan. Dis om hierdie rede, dat die Eerste Skrywers met die fondamentlegging van die Afrikaanse taal soveel waarde geheg het aan die taal wat die platteland gepraat het. Dus die fondament is van suiwer materiaal saamgestel—al lijk die fondament nie juis so mooi en sierlik als die gebou self nie, wat daarop opgerig is: die tyd van versiering en lofwerk was toe nog nie daar nie. Laat hierdie feit 'n sware gewig werp in die skaal waarmee die voortbrengrsels van die Eerste Skrywers geweeg word. Onder die Eerste Skrywers was wel degelik taalgeleerdes en geleerde persone, maar dit was hul meer te doen om prakties te werk te gaan.



ARNOLDUS PANNEVIS, gebore Hollander, was die eerste man, wat Afrikaans as skryftaal en bijbeltaal bepleit het. Hij was onderwyser aan die Paarlse Gymnasium in 'ou tale' en geskiedenis. Hij was die eerste wat 'n brief aan die B.B. Bijbel Genootskap geskrywe het om die Bijbel in Afrikaans oor te sit.

C. P. HOOGENHOUT, digter, en skrywer van die eerste Afrikaanse boek. Hij, tesame met Ps. S. J. du Toit en D. F. du Toit (Lokomotief) het die drie steunpilare gevorm waarop die hele Afrikaanse Taalbeweging gebou is. As jonge Hollander, het hij sijn vaderland verlaat om sijn beste kragte aan Suid-Afrika en sijn taal te wij. Hij was onderwyser te Groenberg, Wellington (dist. Paarl).



## HOOFSTUK III.

## HOE DIE TAALBEWEGING BEGIN HET.

Die vraag "wat het eintlik die stoot aan die Afrikaanse Taalbeweging gegee?" het seker bij baing al opgekom. Ons sal die antwoord op die vraag gee deur naar geskifte te verwys en verder mee te deel wat daarvan aan ons persoonlik bekend is.

In die eerste plaas moet ons verwys naar "Die Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, deur 'n lid van die Genootskap van Regte Afrikaners." Daarin word die beweging in korte trekke aangegee, dog die uiteensetting is nie heeltemaal duidelik nie. Die rede daarvan moet daarin gesoek word, dat die skrywer (Ds. S. J. du Toit) nie te veel sijn eie naam wou gebruik nie; want dit was nie in sijn geaardheid gewees om sigself te adverteer nie.

Die persoon, wat die eerste die groot waarde van Afrikaans als ons Volkstaal ingesien het, is bepaald mnr. Arnoldus Pannevis. Hij werd te Ouderkerk (Holland) in die jaar 1838 gebore en het later offisier van Gesondheid in die Marine geword. Wegens swak liggaamsgesteldheid en teensin het hij sijn ontslag aangevra en het dit eervol ontvang. Daarop het hij in die letterkunde gaan studeer: Grieks en Latijn het hij so goed geken, dat hij vir sijn plesier in hierdie tale so gemaklik geles het als ons Afrikaans. Behalwe sijn moedertaal het hij Engels, Frans, en Duits grondig geken; ook had hij kennis van Italiaans, Spaans, Deens en Sweeds. Sijn opinie omtrent 'n taal was dus gewis iets werd. Op 11 Julie 1866 het hij te Kaapstad voet aan wal geset en naar die Paarl gegaan, waar hij die gasvrijheid van Ds. G. W. A. van der Lingen mog geniet. Hij werd onderwijser in tale aan die Paarlse Gymnasium. Ds. S. J. du Toit was toe een van sijn leerlinge. Vir verder besonderhede omtrent mnr. Pannevis verwys ons die leser naar die Z.A. Tijdschrift, 1884, No. 80.

Om mee te deel, wat mnr. Pannevis self omtrent sij houding tot die skrywer hiervan vertel het, sal ons in 'n klein bijvertelling moet verval.


In die jaar 1876 stap die skrywer hiervan Lady-Greystraat in die Paarl af. Die straat was toe onbebouwd, met twee heinings aan weersij—net 'n plek vir verposing. Bij Lady Greybrug hoor ons voetstappe en 'n stem voor ons. Toe ons uit die boek opkijk, pak mnr. Pannevis die boek uit ons hand en merk aan: “Ah, jij lees Milton. Hou jij van hierdie digter?” Toe ons hom verseker dat ons ag boeke van die “Verlore Paradijs” uit die hoof ken, bring dit ons in gesprek oor digters en letterkunde. Onder die gesprek haal hij 'n Patriot uit die sak en sê:

“Dit is die soort letterkunde, wat mij aandag in die laaste tijd in beslag neem.”

Ons gee 'n gebroke laggie. Ofskoon ons toe reeds tot die taalbeweging toegetree was, was ons nog nie geheel vrij van die Engelse gif, wat ons ingesuig het nie.

Hierop merk mnr. Pannevis op: “Ja, so gaan dit! Julle Afrikaners besef nog nie wat julle bésit nie: 'n taal so bruikbaar als enige Europese taal. Ek het die oë van Ds. van der Lingen daarvoor geopen: hij kon nie anders nie als instem met wat ek hom bewijs het. “Ek het Ds. du Toit die saak ook duidelik voorgestel en jij weet, hij is 'n man wat 'n ding gouw kan insien—net soos die hooggeleerde Ds. van der Lingen. Baing Afrikaners soos mnr. Gideon Malherbe, D. F. du Toit (Lokomotief), en ander stem nou met mij in; maar die meeste het mij eers uitgelag.” Hier breek ons die gesprek af, aangesien dit verder op hierdie saak van minder belang is.

In 1904 was die skrywer hiervan op besoek bij sij boesemvriend Ds. S. J. du Toit in Daljosafat, Paarl. Soos gewoonlik kom ons gesprek telkens terug op ons ou geliefkoosde saak, die Afrikaanse Taalbeweging. Bij daardie geleentheid herhaal ons aan Ds. du Toit die gesprek met mnr. Pannevis, waarop Ds. du Toit aanmerk, dat dit waar is dat mnr. Pannevis die eerste man is wat die waarde van Afrikaans als taal ingesien het.



Ds. S. J. du TOIT was die siel van die Afrikaanse Taalbeweging. Onder hoon en verguising had hij die moed om die voortouw te vat en het al sijn beskikbaar tijd en geld aan die saak opgeoffer. Was dit nie vir hom nie, waar sou ons vandag nog gestaan het? Hij was leeraar te Kruisvlei, Noorder Paarl en later Superintendent-Generaal van Onderwijs, S.A. Rep.

Hierdie gegewens is mondeling. Maar laat ons sien, wat mnr. Pannevis en Ds. du Toit daarvan in geskrif self te sê had:

In die "Hollandse Afrikaan" van 22 Aug. 1883 skryf mnr. A. Pannevis als volg:—

"Het algemeen gevoelen schijnt nl. te zijn dat de Afrikaanse Taalbeweging niet in 1872, maar eerst later een aanvang heeft genomen. Zo vinden wij b.v. in die "Afrikaanse Almanak" vir 1882 op bl. 64, het jaar 1883 daarvoor aangegeven. De onjuistheid van deze en al zulke later stellende opgaven moet nu aangetoond worden. En dit kan door een eenvoudig getrouw histories bericht van de toedracht der zaak geschieden. Onder weinigen ben ik nu bij uitnemendheid in staat zulk een bericht te verschaffen. Want van het eerste begin van de Beweging af was ik daar ten nauwste in betrokken en ten alle tijde is het lot der volkstaal mij een onderwerp van hoge belangstelling en opmerkzaamheid geweest; ook heb ik van het voorgevallene gepaste aantekeningen gehouden, zodat men naar de mens gesproken van mij de zuivere waarheid omtrent dit punt kan verwachten.

"De 7e September 1872 dan verscheen in de veelgelezen koerant "De Zuidafrikaan" een stuk getiteld: "De Bijbel in het Afrikaans," (Hierdie brief was deur mnr. Pannevis self geskrywe.—G.R.v.W.), waarin de noodzakelijkheid betoogd werd van een uitgave der Heilige Schrift in het verbasterd Hollands, dat door het meerderdeel der bevolking dezer landen gesproken wordt. De Nederlandse Bijbel toch, hier in gebruik, levert voor ongeletterden heel wat zwarigheden op; de onderzinking leert, dat in het algemeen Hollandse boeken veel meer bevatten dat de Afrikaner niet of niet juist verstaat, *dan hij zelf wel weet of wil erkennen.* 1)

Dit stuk lokte een tegengeskrif uit, en hierop volgde weer een verdediging en zo ging het voort. De zaak wekte belangstelling, en al aanstonds vermeerderde het getal der strijders, terwijl het onderwerp zich tot Afrikaans als schrijf- en algemene landstaal uitbreidde. Een nationale literatuur begon zich ook

1) Dit is ongetwyfeld 'n veel waardeer woord dan die meeste van ons besef. (Red. Brandwag.)

reeds te vormen; alles in kleine beginselen, maar zeker en onafgebroken. Een stroom van volksleven was zichtbaar ontsprongen en vervulde allengs het hele land. De taalbeweging doordrong langzamerhand gelijk een zuurdesem de ganse natie, en oefende haar invloed op alle maatschappelijke en politieke betrekkingen uit. Zij werd een macht in dit wereldeel, die het eindharer uitwerking nog niet heeft gezien.

“Voor 7 September 1872 was niets dergelyks hier aanschouwd. Het weinige dat in de volkstaal van tijd tot tijd in de koeranten verscheen, ging als zodanig ongemerkt voorbij. Over het Afrikaans werd niet publiek geschreven of gesproken, en wat er ook over gedacht of privaat gehandeld werd, het bleef daarbij en uitte zich verder niet merkbaar naar buiten.”

Omtrent hierdie punt sê Ds. S. J. du Toit in sij 71ste Stelling (bl. 74):

“En hier kan ons nie nalaat 'n man te noem wat werklik die eerste met erns die gedagte uitgespreek en ons o'ertuig het dat ons 'n eie taal het en wel 'n voortreflike taal wat ons moet erken en beoefen. Die man is oorlede mnr. Pannevis, moontlik die grootste taalgeleerde wat ons ooit in ons land gehad het.”

Hier het ons dus bij monde en geskrif die verklarings van die twee groot manne wat soveel vir Afrikaans gedoen het.

Maar in verband met die taalbeweging staan nog 'n derde prominente persoon op die voorgrond, en die man is mnr. C. P. Hoogenhout. Hij is ook in Holland gebore, maar het als jong man naar Suidafrika gekom om sij beste kragte aan die Afrikaanse Volk te gee. Hij was bijna vir 'n halwe eeuw onderwyser aan Groenberg, Wellington, in die distrik van die Paarl. Mnr. Hoogenhout was die boesemvriend van mnr. Pannevis en is nou nog in besit van die nagelate papiere van laasgenoemde. Als sulke intieme vriende ontmoet, dan kan 'n mens gis watter invloed die een op die ander uitgeoefen het. Reeds voor die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners het mnr. Hoogenhout in die koerante oor die erkenning van die Afrikaanse taal beginne skrywe en wel onder die skuilnaam Klaas Waarsegger Jr. Ook Ds. S. J. du Toit het hom destijds ook in die pers als Ware

Afrikaner laat hoor. (Sie Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging.)

Op die 7de September 1872 het mnr. Pannevis 'n brief aan die Britse Bijbelgenootskap gerig om die Bijbel in Afrikaans te vertaal. Dit het hij op sij eie houtjie gedoen, sonder eens aan Ds. du Toit, wie se naam hij als vertaler genoem het, sij planne bekend te maak—presies in die geaardheid van mnr. Pannevis. Sij senuwgestel, wat hom soms neerslagtig gemaak het, het hom meer 'n lijdelijke als bedrijwende houding laat aanneem.

Die Bijbelgenootskap het sij voorstel met onwilligheid bejegen, dog het tog later besluit dat hulle verteenwoordiger, Ds. Morgan, vir Ds. S. J. du Toit oor die onderwerp sou ontmoet. En die gevolg van hierdie ontmoeting was die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners. Mnr. Pannevis het die hoë geleerdheid daartoe besit, dog het nie die persoonlike invloed geniet om die Taalbeweging deur te druk nie. En was die saak aan sij persoon toevertrouw, dan sou dit gewis skipbreuk gelij het. Nee, die uitwerk van die beweging moes in die hande kom van drie deurdrijwende manne, n.l. Ds. S. J. du Toit, D. F. du Toit (Lokomotief) en mnr. C. P. Hoogenhout—drie wat nie vir werk bang was nie, drie wat bo-natuurlike werkkrag en goeie deursig besit het. Die ander twee werd dan ook gewillig deur mnr. D. F. du Toit (Lokomotief) die vasvatter gesteun. Die Genootskap het die drie met raad en daad bijgestaan.


Wat mnr. Pannevis beskrijwe het als die begin van die Taalbeweging, als sou dit in 1872 'n aanvang geneem het, is maar die aardbewings, wat die uitbarsting van die vuurspuwende berg voorafgaan—baing aardbewings veroorsaak tog nog gin uitbarsting nie. Nee, die Taalbeweging werd op die 14de Augustus 1875 met die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners gebore. Van toe af werd met hand en hart gewerk om die volkskat tot sij reg te laat kom. Die geskrieff in die pers, waarvan mnr. Pannevis melding maak, was maar 'n pennestrijd; dit sal duidelik blijk als daardie geskrieffe nagelees word. Ons moet daarbij in ag neem dat die oorgrote meerderheid van die plattelandsbevolking toe nog nie koerante gelees het nie. Hoe sou

dan die invloed van die geskrifte tot hulle deurgedring het? Neem daarbij nog die toestande en die invloed op die volk, wat ons in die vorige twee hoofstukke beskrywe het, dan is dit duidelik, dat die ontwaking nie algemeen was nie. Die teenstand en onderdrukking moes soos in alle hervormings eers vooraf kom. *Dit was nie die gesuis van die wind nie, maar wel die geblaf van die kwaai honde wat die mense wakker gemaak het; want mnr. Pannevis het self erken: "Dit stuk lokte een tegengescrijft uit, en hierop volgde weer een verdediging en zo ging het voort."*

Mnr. C. P. Hoogenhout, als Klaas Waarsegger Jr., en Ds. S. J. du Toit, als Ware Afrikaner, het hulle ook vóór die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in die pers laat hoor. Daardie geskrifte het die mense laat denk, maar het hulle nog nie bepaald laat kies en beslis nie—dit het eers gekom toe die Patriot soos skoelappers onder die bevolking die land deur gevlie het. Die Patriot het die ontwaking bewerkstellig. Dit kan ons persoonlik getuig, want in 1876 het ons die Paarl vir 'n tyd verlaat en was met landmeterswerk deur die Westelike Provinsie, van Caledon af tot Namakwaland, ook deur die Karroo, Koup, en vandaar naar die Oostelike Provinsie, van Port Elisabeth af tot in die Transkei. En almaal weet, dat 'n landmeter vir weke en maande bij die mense in hulle huis woon. Eers in 1878 is ons weer naar die Paarl terug, nadat ons honderde plase gemeet het.



HUIS VAN GID. J. MALHERBE, waar die Genootskap van Regte Afrikaners in geheim gestig werd en aldaar vir enige tyd in geheim vergader het.



PAARLSE GYMNASIUM alwaar Ds. S. J. Du Toit (links op portret) gewoon het en waar die Genootskap van Regte Afrikaners later in geheim ontmoet het.

## HOOFSTUK IV.

OPRIGTING, DOEL EN STREWE VAN DIE  
GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

Reeds het ons meegedeel, dat mnr. Arnoldus Pannevis op 7 September, 1872, 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bijbelgenootskap gerig het om die Bijbel in Afrikaans te vertaal. Ons het toe opgemerk, dat die Sekretaris, Ds. Morgan, nie so happig vir die saak was nie, maar dat hij eindelijk tog toegestem het om Ds. S. J. du Toit daaroor te ontmoet.

Alvorens Ds. du Toit vir Ds. Morgan vir die laaste maal wou ontmoet, het hij sekere voorstanders vir 'n Bijbelvertaling opgeroep om die saak finaal te bespreek. (Sie ook mnr. C. P. Hoogenhout sij brief—Derde Afdeling). Wel, ag persone, en nie twaalf nie soos gewoonlik beweerd word, het gehoor gegee aan die eerste oproep en het in die huis van mnr. Gideon J. Malherbe op die 14de Augustus, 1875, bijmekaar gekom. Die dubbelde-verdieping gebou aan die Pastorie-Laan, skuins oor die Paarl Gymnasium, staan vandag nog daar en mnr. Gideon Malherbe leef nog en woon in daardie selfde gebou.

Dus die vergadering werd deur Ds. S. J. du Toit bijeengeroep tot bespreking van die vertaling van die Bijbel in Afrikaans, en om 'n genootskap op te rig.

Onder die bespreking blyk dit al dadelik, dat die vergadering 'n ander mening toegedaan is als die van mnr. Pannevis wat gemeen het: Als die Bijbel in Afrikaans eers eenmaal vertaal is, dan sal die bevolking sig geleidelik met die Afrikaanse Taal versoen; terwyl die vergadering verklaar: Nee, versoen eers die volk met die taal, en gaan dan met die Bijbel-vertaling aan.

Om die volk met die taal te versoen moet daar eers 'n Genootskap gestig word om die versoeningsplan deur te drijf. Al die

ag aanwesige here verklaar hulle dadelik bereid om lede van die Genootskap te word.

Aanwesig was die volgende here:—

C. P. Hoogenhout (onderwyser te Groenberg, Wellington, in de distrik Paarl). Hij word tot voorsitter gekies. August Ahrbeck (theologiese student te Stellenbosch en later predikant te Prieska). Hij werd gekies als sekretaris. S. G. du Toit, Azn. (student aan Paarl Gymnasium). Hij werd gekies als hulp-sekretaris. Ds. S. J. du Toit (predikant van die pas opgerigte Noorder Paarl Gemeente en ook onderwyser in die oue tale aan die Paarl Gymnasium). Gideon J. Malherbe ('n goedgeleerde man, ouderling van die N. Paarl Gemeente en Kurator van die Paarl Gymnasium). D. F. du Toit, D.P.zn. (onderwyser en later als Oom Lokomotief bekend, was 'n broer van Ds. S. J. du Toit). D. F. du Toit, D.F.zn. (Wijnboer in Dal Josafat, bekend onder die bijnaam van Dokter; later bestierder van die Patriot-Drukkerij, was 'n neef van Ds. S. J. du Toit). P. J. Malherbe, D.F.zn. (Wijnboer in Dal Josafat, was 'n susterskind van Ds. du Toit, en had sij opleiding aan die P. Gymnasium).

Die naam van Eerw. J. P. Dempers kom ook op die notule voor als negende persoon. Maar omdat hij nie teenwoordig was nie, is dit weer met ink deurgekrap. Hij was sendeling van die Zions Gemeente, Paarl.

Met die tweede vergadering, wat op die 25 September, 1875, gehou is, werd die volgende name bijgevoeg:

G. W. B. van der Lingen (theologiese student te Stellenbosch, later predikant, Kroonstad, O.V.S.).

J. W. van der Rijst (gebore Hollander, en was godsdiensonderwyser en prediker).

M. L. Roussouw (hij was vir 'n tijd nominale redakteur van die Patriot, toe dit in 1877 'n weekblad werd).

Op die derde vergadering, 6 Nov., 1875, het verder aangesluit: A. Pannevis (wat toe vir die tweede maal onderwyser aan die Paarl Gymnasium was), F. S. Cillie, S. P. Malherbe, en F. P. Marais.

Die volgende name kom verder voor: A. E. du Toit, G. D. Marais, Jan Balt (ook Hollander en onderwyser), P. B. de Ville, C. J. Esterhuizen, S. Cillie, W. M. Retief, W. A. Joubert, I. A. Perold, J. D. Minnaar, D. W. J. du Toit, M. W. J. Uijs, A. P. Zeeman, M. M. du Toit, P. J. Schabort, J. G. Perold, Ernst J. du Toit, J. S. Malherbe, J. G. H. Tulleken, J. P. J. Dempers, P. J. Malan (Dr.), J. M. Hoffman (Dr.), G. R. von Wielligh (Landmeter), en andere.

Vijftig lede het volgens notule die Reëls van die Genootskap onderteken.

Die werk van die Genootskap was feitelik in 1879 uitgedien; want die drukkers firma van D. F. du Toit en Ko., ook bekend als Patriot Drukkerij, het toe vir alle verpligtinge goed gestaan. Toe werd boeke deur die firma uitgegee.

Die Notule van die vergaderings van die Genootskap bestaan vandag nog 1) en daaruit blyk dat die lede al op die eerste vergadering regtig besigheid gemeen het: daarin staan o.a. te lees:— Dat 'n kommissie benoem werd om die naam van die Genootskap vas te stel en om die Reëls op te trek. Dit werd voorgestel om die Volkslied te versprei en dan die opienie daaromtrent te verneem. 'n Kommissie werd benoem om met Ds. du Toit vir Ds. Morgan omtrent die Bijbelvertaling te ontmoet. Dieselfde kommissie moet tesame met mnr. J. W. van der Rijst die voorlopige spraakkuns nasien. Daarop werd voorgestel om 'n Afrikaanse Woordeboek uit te gee en die lede werd versoek om lysste van Afrikaanse woorde naar die A.B.C. op te maak. Eerw. Dempers, wat toe nie teenwoordig was nie, moes kennis krij dat hij een van die kommissielede was.

Een van die persone, wat 'n grote invloed op die beweging uitgeoefen het, is gewis President Reitz, wat toe hoofregter van die O.V.S. was. Hij was een van die oudste skrywers, en het nie alleen met raad en geskifte die beweging gesteun nie; maar ook met sij beurs. Baing twijfelaars het togetree, toe hulle hoor dat

---

1) Tans in besit van Ds. N. M. Hoogenhout. (Red. Brandwag.)

hij die beweging goedgunstig gesind was en dat hij met hart en hand meewerk.

Tot sover het ons meegedeel wat die aanleidende oorsake tot die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners gewees het. Die doel en strewe van hulle is in die Reëls neergelê, wat reeds so herhaalde male herdruk is dat ons daar nie bij gaan stilstaan nie. Let maar op: die doel was om te strij vir *taal, nasie en land*—die woord *taal* werd eerste genoem omdat die swaarste geweeg het en die naaste doel was. Daarop het die Genootskap hulle geskifte uitgegee. En nou sal ons korteliks 'n woordjie wij aan hoe die beweging begroet werd—deur vriend en vijand.

Dit was deur die lede besluit om hulle *name* geheim te hou; ook niks te sê wat die Genootskap kan benadeel nie. Want hulle werke sou vir hulle self spreek. Omtrent die *verrigtinge* van die Genootskap was geheimhouding nie voorgeskryf nie: hulle doel en strewe moes tog aan die lig kom.

Maar waarom moes die name van die voorstanders en lede geheim gehou word? Wel, omdat die bekendmaking van die name van die persone, wat vir die saak werk, oneindig veel kwaad aan die oprigters sou gedoen het. Kijk maar op bowegenomde lijs watter verantwoordelike betrekkinge baing van hulle bekleë het. Iedereen kon sij eie naam bekend maak, maar die name van die ander moes hij geheim hou. Die teenstand teen die beweging was so heftig en die gevoel teen Afrikaans so bitter, dat baing hulle vriende nie alleen die deur sou gewijs het nie, maar ook sou geprobeer het om 'n voorstander sij betrekking te laat verloor. Daar het toe sonderlinge gevalle voorgekom.

DIE

# Afrikaanse Patriot.

---

“Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft.”—*Het vijfde Gebod.*

---

DEEL I.]      SATURDAG, 15 JANUARY, 1876.      [No. 1.

---

## “DIE AFRIKAANSE PATRIOT.”

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vër te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pèrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'o taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pèrde te leer prônk in die voortuig. Ons wil nou met ons “Patriot” an dié wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

### “AFRIKAANSE PATRIOT,”

Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een “Patriot” is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:—klein, maar fluks.

Op die 15 van ider maand kan julle een besoek van die “Patriot” verwag, en ek is seker, hoe meer julle hom lees, hoe liewer julle hom sal kry. En hoe meer intekenaars julle ver hom sal besorge, hoe meer jul julle dankbaarheid sal betoon! Ek sê *teken in! dis maar 5 sielings in die jaar!* Sê *an al julle vrinde, teken in ver die “Patriot,” dis mar 5 sielings in die jaar!* Myn skepsels! wat is 5 sielings ver een “Afri-

---

AFDRUK van “Die AFR. PATRIOT”—die eerste eksemplaar wat in boekformaat verskijn het—die was aan die Kaap bij die “Z. Afrikaan” (nou “Ons Land”) Drukkerij gedruk. Toe het hij maar vijftig intekenaars met groot moeite kon krij.